# Die KOSMOS

**Jaargang 36 Uitgawe 3** **Oktober 2014**

## SAWA SE VERJAARSDAG




Wat 'n heerlike naweek !

Ons het behoorlik feesgevier.

Sien meer detail later in die nuusbrief.

Die wat nie daar was nie, julle het uitgemis !



# OORDENKING

## Hoe moet ons die Bybel verstaan?

*Geskryf deur Prof. Gerrit Smit*

VERVOLG....

**Die gebruik van "gereedskap" om die Bybel beter te verstaan**

Miskien het hulle die Bybel met verskillende brille of verskillende oogklappe gelees? Wie is reg en wie is verkeerd? Almal kan tog nie reg wees nie? Ons kry dan vandag verskilllende boodskappe van verskillende kerke en selfs teoloë kom nie met 'n eenvormige boodskap nie. Die risiko om die Bybel verkeerd te verstaan om by sekere ideologieë en dogmas te pas word duidelik al hoe groter hoe minder die Bybelleser die taalkundige-, kulturele-, idiomatiese, en historiese konteks van 'n gedeelte in ag neem.

Omdat die gewone lidmaat nie toegang het tot die antieke tale soos Grieks, Hebreeus en Aramees nie, is dit belangrik dat mens wyer lees, selfs verskillende Bybelvertalings met mekaar vergelyk, voor jy aanvaar dat jy die teks verstaan. Die gebruik van verskillende Bybelvertalings is 'n maklike manier om die verskille in taal en kultuur en die gebruik van idiome in die antieke wêreld te oorbrug (Kyk bv. na die verskille in 2 Kon. 18:17 in die 1953 en 1983 vertalings). Om enige werk doeltreffend te doen het ons sekere gereedskap nodig. Dit is ook waar as ons met die Bybeltekste werk. Die gereedskap wat elke ernstige Bybelleser tot sy/haar beskikking behoort te hê is onder meer: 'n Bybelkonkordansie, 'n Bybelse Ensiklopedie, en verskillende vertalings van die Bybel.

*Vervolg in volgende uitgawe....*

# INHOUDSOPGAWE


Voorbladnuus............................1

Oordenking……………...........…..2

Redaksie……….....………….........3

Van die Voorsitter……….…........3

Voogdelys……………….……........4

Verjaarsdae………………..............5

Huweliksherdenkings…...............5

Lief en Leed...................................5

Afskeid……………………………5

Lekkerbek………………..….........6

Ietsie uit 'n ou Kosmos…………7

Onthou jy nog……………………7

Uit God se Apteek.......................8

Handige Wenke...........................8

Uit die Natuur…………………..…9

Saamtreknuus……….................10

Voorraad.....................................11

Tegnies........................................12

Tieners.........................................13

Senior Burgers............................14

Kleuters…………….....…….......18

Jaarprogram…………..………......19






## REDAKSIE

Hallo Vriende

Ons hardloop nou na die einde van die jaar toe! Tyd gaan vreeslik vinning verby. Ons laaste kamp vir die jaar is volgende maand by De Voetpadkloof. Daar is reeds 'n aantal van julle wat aangedui het dat julle die kamp gaan bywoon. Onthou net "the more the merrier".

Die laaste kamp wat ons by Riverside gehad het, was regtig 'n pragtige plek. Julle het uitgemis om nie die kamp by te woon nie! Ongelukkig is die oord nie op ons kamprooster vir volgende jaar nie. Dis regtig jammer.

Ek wil net graag vir Retha baie welkom heet weer op bestuur. Baie dankie dat jy ingestem het nadat Alta aangedui het sy kan nie meer aangaan nie. Ek glo Retha sal baie waarde kan toevoeg tot ons bestuur. Dankie aan Alta vir al haar jare op bestuur en baie dankie vir alles wat jy gedoen het.

Tot volgende keer
Groete en mooi bly.
Marianne



## 'N PAAR WOORDE VAN ANDRÉ

Dagsê Geagte Vriende
Ja dit was 'n jaar van verjaarsdae binne SAWA en ons het die partyjies baie geniet, veral die een by Koppisol waar ons SAWA se 45ste verjaarsdag gevier het. Die jaar is amper verby en daar is nog net een kamp oor in 2014 by De Voetpadkloof. Kom kamp saam en begin julle reg maak vir die fees seisoen.

Daar is nog plek oop in die Wildtuin by Skukuza vir die wat nog nie bespreek het vir volgende jaar April/Mei. As julle will saam gaan bespreek julle plekke self of kontak my vir hulp daarmee.

Sawa Oosvaal se bestuur het ook verander nadat Alta Grobler aangedui het dat sy bedank uit die bestuur. Ons het intussen vir Retha Batts geïnkorporeer tot en met die volgende AJV en sy sal die amp van streek Sekretaresse beklee tot dan.
Baie dankie Alta vir jou diens en werk die afgelope drie jaar in SAWA en Oosvaal.

SAWA Groete
André

# VOOGDELYS

**André en Marianne Erasmus (Tel** *André 0833007706*; *Marianne 0828902019*) **e-pos Adres**: *erasmums@gmail.com*; **Straatadres:** *Middelbultstr. 25, Secunda*



Hennie & Monica Oosthuyzen; Gregor & Ria van Deventer; Paul & Anriëtte van Schalkwyk; Neil & Henriëtte van Wyk; Henry Viviers; Francois & Mariane Ueckermann en Johan & Magda van Dyk

**David en Rea van As (Tel** *David 071 867 0129; Rea 083 235 0921*) **e-pos Adres:** dawid.vanas@sasol.com; *rea.vanas@seeff.com* **Straatadres:** *Waterbergstr. 9, Secunda*



Kobus & Hannatjie Roets; Nico Botha; Danie & Annelie Meyer; Sakkie & Gretha Mocke; Francis & Marlize Hodgeman; Edwin & Rene Sieberhagen en Johan & Karin Burger

**Lance en Retha Batts (Tel** *Retha 082 873 6016*) **e-pos Adres:** *retha.venter@gmail.com* **Straatadres:** *Bostonstr 3, Secunda*



Kobus & Annatjie Bester; Peet & Elsie Jonker; Corné & Christa Thirion; Chris & Thiana Bornman; Alta van Heerden; Brad & Astrid Blake ; Gert & Lena van Rensburg; John & Yolanda Brummer en Martiens & Alta Grobler

**André en Annemarie Fourie (Tel** *Andre* **082 871 7620;** *Annemarie 082 852 0657* **) e-pos Adres:** *Annemarie.fourie@sasol.com*; *Boetie.fourie@sasol.com* **Straatadres:** *Krokodilrivierstr. 7, Secunda*



Ronnie & Magda Moorcroft; Theo & Elize Saayman; Frans & Ohna Steyn; Neil & Marietta Parks; Jacques Fourie; Div & Bella de Villiers en Wimpie & Rita Meintjes;



# VERJAARSDAE

## OKTOBER

*02 - Amelia Brummer '06*
03 - Annemarie Fourie
*24 - Bartho Saayman*
25 - Paul van Schalkwyk
27 - Hannatjie Roets




## NOVEMBER

*03 - Liane Parks '05*
*06 - Bianca Brummer '03*
*07 - WJ van Heerden '99*
15 - Astrid Blake
*16 - Henriko Roets '06*
20 - Lance Batts
*22 - Morgan Blake '04*
25 - Mariane Ueckermann
28 - Yolanda Brummer

# HUWELIKSHERDENKINGS

## OKTOBER

25 - Neil & Henriette van Wyk
30 - Kobus & Hannatjie Roets

## NOVEMBER


05 - Danie & Annalie Meyer
16 - John & Yolanda Brummer
19 - André & Marianne Erasmus

# LIEF EN LEED

- Div de Villiers is diagnoseer met Rugmurgkanker. Ons gebede is met Div en sy familie in hierdie moeilike tyd.
- Ons hoop Elise Saayman voel gou beter na haar 2de nekoperasie.


# AFSKEID

Alta Grobler het aangedui dat sy nie meer op bestuur kan dien nie. Alta, baie dankie vir al jou bydraes wat jy die afgelope 3 jaar op die bestuur gedoen het.



# AFSKEID

Ons neem ook afskeid van Johan en Karin Burger wat verhuis na Pretoria. Hulle skuif ook oor na streek Kiepersol. Ons hoop ons gaan julle nog baie raakloop by die kampe!



# LEKKERBEK – Eendborsies met Granaat sous

*Resep bron: www.funkymunkee.co.za*

**Potbroodwiele**

Hierdie potbroodwiele word gemaak van gekoopte brooddeeg wat per kg by die meeste winkels se bakkerye beskikbaar is:
1 kg brooddeeg
tamatiepuree na smaak OF blikkie tamatie-en-uiesmoor
1 pakkie bruinuiesoppoeier
knoffel
1 blikkie mossels OF weense worsies (in skyfies gesny) OF gebraaide spekvleis
gerasperde cheddarkaas
250ml room
Rol deeg in reghoek en smeer tamatie oor. Sprinkel soppoeier en knoffel oor. Versprei vleis van jou keuse (mossels of worsies of spek) en kaas oor en rol dit op soos 'n rolkoek. Sny in skywe, plaas in gesmeerde oondpan, gooi room oor en bak vir 45 min teen 180°C. Of plaas in swart platboompot en bak in buite-oond (gat in grond met kole om of op 'n rooster met 'n omgekeerde appelboks oorgetrek met foelie).

---

Nardus van der Merwe

Volgende keer as jy braai probeer gerus hierdie **tameletjiebrood** van my:

1kg klaargekniede deeg (Koop sommer by die shoppie)
Koppie Karamelsuiker
Houer Room

Meng room en suiker en kook tot suiker gesmelt is.

Maak deeg in bolletjies en pak in swartpot.
Gooi gekookte sous bo-oor en laat stadig bak tot gaar.

Jy vreet jou vingers af.





# IETSIE UIT 'N OU KOSMOS

## Ledegelde

Op die laaste Nasionale Uitvoerende Bestuursvergadering is besluit om ledegelde te verhoog na R15-00 per jaar vanaf 1 Oktober 1982. Wees getroos dis nie net ledegeld wat opgaan nie, die rokke se some gaan ook alweer op!

(*Sjoe, kan jy glo 'n hele R15-00 per jaar – Goeie ou dae!! - Red)*

## Op Safari

Die voortbestaan van hierdie tydskrif is tans in gedrang. Moenie bekommerd wees nie, SAWA gaan nou sy eie koerantjie uitgee wat propvol Sawanuus is. Hou gerus die pos dop.

(*Wys nou net dat die Kosmos was voor die Sawanant daar! - Red)*

## Bietjie Statistiek

Ons ledetal aan die einde van 1983 boekjaar (September) was 113 lede. 30 Lede word oorgeplaas na ander streke (28 na Olifante) en 16 lede het nie hernu nie.

Sedertdien het ons reeds 49 lede gewerf terwyl daar twee nuwe lede vanaf ander streke bygekom het.

Ons ledetal tans staan op 117 lede. Voorwaar goeie groei!

*Bron Die Kosmos (Julie 1982)*

## ONTHOU JY NOG.....

'n Lekker Stukkie nostalgie wat jou sal laat terugdink aan die Goeie ou Dae toe ons nog jonk was…..

*Byskrifte deur Leo Kritzinger*



Die kar is gelaai en die karavaan gehaak –

net 400 myl, dan's ons by Durbs en die see!

# UIT GOD SE APTEEK – KAAS EN KANEEL

*Artikel uit TUISAPTEEK van Anna Eksteen*

## KAAS

- Navorsing het getoon dat 'n stukkie kaas aan die einde van 'n maaltyd help om jou tande te beskerm teen tandbederf deurdat dit skadelike sure in die mond neutraliseer.
- Kaas voorkom ook dat bakterieë vorm en bevat kalsium wat jou tande en bene gesond hou. Natuurlik moet jy matigheid voor oë hou met die porsie grootte.
- Dit is 'n wonderlike bron van kalsium, wat help teen die simptome van PMS, en dit bevat 'n goeie vet wat die risiko van hartsiektes en suikersiekte verminder.
- Kaas is ‘n proteïen wat vleis in ‘n vegetariese dieët kan vervang. Kaas bevat verder ook vitamien A, B1, B2 en C asook vette en mineraalsoute.
- Hoë vlakke vitamien B in jou liggaam kan jou help herstel van depressie. Dit is dus ‘n goeie rede om kaas tee et. Net 62g cheddar voorsien jou van jou daaglikse kwota vitamien B.

## KANEEL

- Het jy geweet 'n halwe teelepel fyn kaneel per dag kan jou bloedsuikervlak help verlaag?
- 'n Halwe teelepel fyn kaneel per dag kan ook diabetes help behandel en die kans op hartsiektes verminder. Dit blyk dat die aktiewe bestanddeel in kaneel, wat MHCP genoem word, die uitwerking van insulien naboots en suiker en cholesterolvlakke met tot 20% laat afneem.
- Bederf jouself soggens met fyn kaneel oor jou pap. Jy sal nie net die voordele van kaneel kry nie, maar die vesel in die hawermout sal jou ook help om jou metabolisme aan die gang te skop.
- Dit is nie net ‘n eeue oue doepa vir impotensie nie, die geur maak vroue glo ook gou romanties.

# HANDIGE WENKE

*Ingestuur deur Dawid van As*



Keep brown sugar soft by storing with a couple of marshmallows



Install a regular coat rack low down the wall to store shoes safely off the



# UIT DIE NATUUR - SA's 4 Mees Bedreigde Spesies

## Die Riviermond Pypvis

### Biology

Very little is known about the natural ecology of this species. It is likely that the developing young are carried in some form of brood pouch, following external fertilization (2). In other members of the genus, the eggs are almost completely enveloped by the folds of the brood pouch, which meet or nearly meet in the middle, and it is likely that this is also the case for this species (7). Pipefish lack teeth and feed by sucking small fish fry and invertebrates into their mouths (2).

*Bron: Encyclopedia of Life*

### Reproduction

The male carries the eggs in a brood pouch which is found under the tail (Breder and Rosen 1966). Sexual maturity is attained at approximately 10 cm standard length with males retaining up to 44 embryos. Reproductively active specimens were collected in the Kariega estuary during late September (Whitfield 1995). The life cycle is completed within the estuary.

### Habitat

*S. watermeyeri* occurs in brackish, tidal areas of rivers and is found primarily in association with the eelgrass *Zostera capensis* and *Ruppia cirrhosa*, where it feeds almost exclusively on zooplankton (Whitfield 1995).

*Syngnathus watermeyeri* relies on freshwater pulses which provide the nutrients that enable phytoplankton development and, together with particulate organic material brought down by the rivers, support the zooplankton community upon which these pipefish depend for food. The construction of dams and other impoundments have caused a deprivation of fresh water pulses and a subsequent decline in food supply (Whitfield 1995). Dry conditions in the last few years have caused the Kariega river to stop flowing, which will likely result in the absence of *S. watermeyeri* in this system once again (A.K.Whitfield pers. comm.).

### Major Threat(s)

This species may also be particularly susceptible to hypersaline conditions and to large flood events (Vorwerk *et al.* 2007). A flood event in the East Kleinemonde estuary in 1996 (Cowley 1998) resulted in the apparent localized extinction of *S. watermeyeri*. This was thought to be the result of primary *S. watermeyeri* habitat, submerged eelgrass beds, being flushed out to sea (Vorwerk *et al.* 2007).

*Bron: The IUCN Red List of Threatened Species*



# SAAMTREK NUUS

## NASIONALE KAMP: KOPPIESOL

### 10 TOT 12 OKTOBER 2014





Ons staan almal bymekaar



Die Cheetas en WP braai saam!



Monica en Karin by ons tafel



Die Burger familie

Die pensioenaris het ons weereens gewen na die kamp toe!  Johan was al Donderdag daar.  Ons het eers Vrydag daar aangekom en direk daarna het Hennie en Monica gearriveer. Hulle het bietjie reën voorspel vir die naweek, en dit het wel klein bietjie gereën Vrydagaand. Die wind was erger!

Saterdag het ons opgestaan met bewolkde weer, wat net beter geword het deur die dag. Elke streek het self hulle tafels versier.  Monica en Karin het ons streek se tafel opgemaak en dit het regtig pragtig gelyk.  Baie dankie aan Monica vir al jou moeite.Die aand was omtrent 'n fees!  Al die tafels is verskillend opgemaak, en die sawanante het uitgedos gekom in allerande klere en kleure. Later het een van die sawanante self musiek gemaak, en dit was regtig fantasties.  Ons het self tot 'n sangeres gekry onder ons geledere.  Ek wou nog 'n CD aanskaf, maar het te laat daaraan gedink. Ons het ook heelwat later as normaalweg in die bed gekom.

Sondag na die erediens, het ons rustig ontbyt gemaak waarna ons opgepak het. Ek moet regtig die organiseerders van die kamp gelukwens met 'n baie suksesvolle kamp.Wat 'n fees van 'n naweek!

Marianne



# SAAMTREK NUUS

## Riverside Lodge
## 24 – 26 Oktober 2014



Pragtige rivierwal



Ons staanplekke – daar was nog baie plek! Waar was julle?



Wat 'n pragtige plek met groot grasperke langs die rivierwal, met lieflike koeltebome. Ek kan nie glo dat dit die eerste keer is wat ons daar kamp nie. Ek hoop regtig ons sal weer binnekort daar kan gaan kamp.

Lyk my nie die vissermanne het enige groot sukses gehad nie. Daar het wel 'n baber uitgekom.

Ons was drie gesinne wat gekamp het. Onder andere het Theo Saayman saam met sy seun 'n "pa en seun" naweek deurgebring.

Andre en Annemarie Fourie saam met hul seun Jacque het bygewoon saam met my en André (en onse kleintjie, Katie). Andre het self ook probeer visvang, maar was nie baie entoesiasties nie?!

Hoop Riverside sien ons gou weer!

Marianne

# VOORRAAD

## Voorraadbeampte: Annemarie Fourie

| | |
|---|---|
| Sweetpakke | Boshoed |
| Sirkel & Snorre | Windjakker |
| Windjakker (Waterdig) | Oosvaalhemde |
| Oosvaalpette | |

**Alle verkope – Kontant met bestelling**

# TEGNIES

## Wêreldrekord vir woonwa sleep oortref SA

SUID-AFRIKA is nou die tuiste van die wêreld- woonwasleeprekord met 'n produksievoertuig . 'n Snelheid van 223,881 km/h is met 'n standaardwoonwa behaal .

Eugene Herbert van Gauteng het dié prestasie met die ondersteuning van Gypsey Karavane behaal toe hy met behulp van 'n Mercedes-Benz S600 - waarvan die 800 Nm wringkrag dit die kragtigste produksiesedanmotor in SA maak -- die woonwa gesleep het.

Die vorige rekord was 205,7 km/h en is behaal met 'n Dodge Viper GTS, en die rekord vir gemodifiseerde voertuie was 207,38 km/h.

Hoewel die maksimum aanbevole snelheid vir woonwa sleep 100 km/h is, behoort dié Guiness-wêreldrekord eienaars meer vertroue in hul woonwaens te gee!

Sabat-batterye het die volgende leuse op die woonwa aangebring: "Die wêreld se vinnigste battery."

Die tydskrif Caravan & Outdoor in die Kaap het die poging geverifieer. Eugene Herbert sê dat die vorige poging by Mafikeng-lughawe gedoen is met 'n MercedesBenz ML500 en die vinnigste snelheid was 174 km/h. Toetse het bewys dat 200 km/h binne 1,5 km gedoen kon word; dus was die Hoedspruitaanloopbaan teen 3 km perfek .

Herbert glo dat hulle seker was van 210 km/h en dat die ekstra 13 km/h 'n bonus was. "Die rekord behoort vir nog 'n hele ruk te staan," het hy bygevoeg.

*Bron: Die Burger*





# TIENER DINGE

## As Roikappiki vandag 'n tiener was…….

*Bron: Die Burger – Geskryf deur Dana Snyman*

Eendag lnk, lnk glede wa da i meisiki. Ha naam wa Roikappiki. Sy en ha ma en ha pa bly in i hys lngs i bos.

Ha ouma bly ok naby hille, mar anni anniknt vanni bos.

Op i dag tu sê Roikappiki se ma vi ha: "Roikappiki, di ga hektiek me Ouma, sys lonely en depro.

"Vat vi ha snacks en ga visit ha en chat me ha".

"Cool," sê Roikappiki. "Ek luv Ouma. Ouma is gr8."

"Passop nt vi perverts inni bos," sê ha ma. "Muni vanni paiki af ganni."

"Relax nt, Ma. Ok?" sê Roikapiki vi ha ma. "Ek sa fine ws."

Tu trek Roikapiki ha cool roi jas en kappi an, en grut ha ma: "Luv, Ma. Mwah! Mwah!"

Tu va Roikappiki di manki mt ha Ouma se snacks en stap oppi paiki inni bos in. Sy sie alli pretty blmme inni bos en plk vi ha ouma vanni blmme.

Late tu ga sy vanni paiki af, agte di blmme an.

Inni mean time cruz Wolf ok da rond. Wolf sien vi Rooikapiki en prbr ha opchat. "Luv u'r flowers," sê Wolf vi ha. "Vi wie plk jy dit?"

Dit freak Roikapiki biki uit. "Get lost, Dude," sê s vi Wolf. "Ek ga na my ouma tu. M ouma i sk."

Maar Wolf los ha ni yt ni.

"Jys awesome," sê hy vi Roikappiki en stp agte ha an. "Kom ons ga chill biki iewers. Suk jy n spliv?"

Tu freak Roikappiki totally uit en hrdlp vi Wolf weg en vdwl inni bos.

"Cool," dnk Wolf, en ga na Roikappiki se ouma s hys tu.

Hy klp anni deur. "Ga wg!" skr Roikappiki se ouma va binne af. "Hie issi werki! Ga terug townshp tu! Jille ko steel net ons gud!"

"Eks vanni kerk, my anti," antwrd Wolf. "Ek ko vi anti bid." LOL.

Roikappiki se ouma maki deur oop.

"Howzit, my anti," sê Wolf vi ha. "Welcme to the nw Sth Afrca". LOL.

*……….word vervolg*

# SENIOR BURGERS
## UIT OOSVAAL SE VERVLOË DAE
*INGESTUUR DEUR JOHAN BURGER*

# Streek Oosvaal in Beeld

Die Oosvalers het nog altyd baie talent gehad – hier paradeer ons eie trompoppies



Martin Labuschagne het die Super Slide by Richardsbaai geniet.



# SENIOR BURGERS
## Uit Oosvaal se vervloë dae
*Vervolg*

Ons het ook die Wolfees in Ermelo bygewoon




Die Aventuratoer by Loskopdam in 1996



Willie Bronkhorst bou 'n modderoond by De Voetpadkloof



WP en Jorika eet pap.



# SENIOR BURGERS
## Uit Oosvaal se vervloë dae
***vervolg***


Die dinee by die 1997 AJV



Die Engeltjies was ook daar.



# VIR DIE KLEUTERS



*Bron: www.sondagskool1.tripod.com*



# OOSVAAL 2014/5 JAARPROGRAM

| Datum | Plek | Tarief |
|---|---|---|
| *12 - 14 Sept* | *Kongres (Buffelspoort)* | **Verby** |
| *10 - 12 Okt* | *Nasionale Kamp (Koppisol)* | **Verby** |
| *24 - 26 Okt* | *Riverside Lodge* | **Verby** |
| 21 - 23 Nov | De Voetpadkloof | R230 per nag |
| 23 - 25 Jan | Barham Bay, Witbank | |
| 09 - 11 Febr | Oop NUB | |
| 27 Feb - 1 Mrt | Moreson Ranch | R260 per nag |
| 20 - 22 Mrt | Badplaas | |
| 3 - 5 April | Presidente, Klipdraai | |
| 25 Apr - 3 Mei | Wildtuin - Skukuza | |
| 12 - 20 Jun | ATKV Eiland | |
| 14 - 16 Aug | AJV, Soetdoring | |
| 24 - 27 Sept | Nasionale Kamp | |
| 30 Okt - 1 Nov | Gebiedskamp, Badplaas | |
| 27 - 29 Nov | Kerskamp, Loskopdam | |

***NB: Ons sal die tariewe insit soos dit beskikbaar is***

## KONTAK ONS

**SAWA WEBWERFADRES** - HTTP://WWW.SAWA.ORG.ZA/

**SAWA EPOSADRES** - SAWA.SACA@GMAIL.COM

*Die **KOSMOS** word uitgegee deur Streek Oosvaal van die SA Woonwa-Assosiasie (SAWA). Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensie impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van SAWA is nie. Kommentaar en ander redaksionele artikels word deur die Redakteur verantwoord.*

## OOSVAAL BANK BESONDERHEDE

**PENNINGMEESTER:**
REA VAN AS

**BANK : STANDARD BANK,**
SECUNDA
REKENINGNOMMER: 137501072
TAKKODE 053444

## NUUSBLAD VAN STREEK OOSVAAL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE

***Redakteur en bladuitleg*:**

Marianne Erasmus,

Posbus 5666, Secunda, 2302

Tel: 082 890 2019 (Sel)

Epos: erasmums@gmail.com